Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg 5. Kaapstad, Woensdag, 7 Augustus 1946. No. 37.

# Bedenklike Immigrante Tot Handel Toegelaat

## *Jode en Kommuniste Beslis Oor Uitreik van Lisensies*

***Vreemde immigrante, waarvan die meeste Jode, is besig om hulle in die handelsbedryf van Kaapstad in te grawe. Ondersoek het aan die lig gebring dat die lisensie-afdeling van die Kaapstadse munisipaliteit steeds 'n groeiende aantal aansoeke van immigrante ontvang wat slegs drie of vier maande in die land is. Hierdie persone gee hul nasionaliteit aan as „Hebrew", Poolse Jood, Duitse Jood, Griek of Spanjaard. Met enkele uitsonderings is handelslisensies aan almal toegeken.***

Omdat daar altyd die moontlikheid bestaan dat aansoeke van nie-Britse onderdane om permanente toelating tot die Unie geweier mag word, doen 'n groot aantal persone aansoek om tydelike toelating, gewoonlik vir 'n tydperk van drie of ses maande. **Sodra hulle egter in Suid-Afrika aan wal stap, doen hulle aansoek om verlenging van die tydperk. Wanneer hulle dan vind dat die land hulle geval en „hulle wens hul hier te vestig", doen hulle aansoek om permanente verblyf in die Unie.** Amptenare van die Immigrasiedepartement deel mee dat dit 'n alledaagse prosedure is, hoewel die toelatingsregulasies dit verbied dat iemand wederregtelik van sy tydelike toelating gebruik maak om permanent die Unie binne te kom. Op hierdie manier vestig persone wat slegs tydelik verlof gehad het om die land binne te kom, hulle permanent in die Unie.

Die belangrikste voorwaarde vir toelating van vreemdelinge in die land is besit van 'n sekere kapitaalbedrag, en dat hulle nie aan aansteeklike siekte ly nie. In die geval van Brits-gebore onderdane is die toelating tot die Unie veel makliker.

### HANDEL

Na amptenare, verbonde aan die Immigrasiedepartement, meedeel, is die algemene rede wat immigrante aangee as hulle aansoek doen om verblyf in Suid-Afrika, dat hulle hul op die handel wil toelê. Gedurende die oorlogsjare was hierdie neiging veral merkbaar.

Ondersoek by die betrokke afdeling van die stadsraad het aan die lig gebring dat daar gedurende die afgelope ses maande 'n groot aantal handelslisensies aan persone wat aansoek gedoen het, toegeken is. **Tientalle van hierdie toekennings is gedoen aan persone wat minder as ses maande of 'n jaar in die land woonagtig is. 'n Groot persentasie lisensies is toegeken aan persone wat meer as een jaar, maar vyf jaar of minder hier gevestig is.**

Hierdie persone is meesal vlugtelinge uit Europa wat gedurende die afgelope oorlog hulle hier kom ingrawe het. Hulle is merendeels Jode van een of ander nasionaliteit, en word aangegee as „Hebrew" of „Duitse Jood" ens.

### JOODSE RAAD

**Opvallend is dit dat persone wat uit Amerika of Portugal afkomstig is en slegs meld dat hulle Amerikaanse of Portugese burgers is aanbevelingsbriewe van die Joodse Raad van Afge-**

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)

# Naturelle Verbrand Passe op Aanhitsing Van Kommuniste

**Opgesweep en tot haat gedryf onder kommunistiese leiding, het duisende naturelle verlede Sondag hul passe in die Langa-lokasie, Kaapstad, verbrand. Sprekers het verklaar dat hierdie stap die begin is van die veldtog om die juk van die witman af te gooi. Die vernaamste woordvoerder by hierdie geleentheid was 'n naturel, Moses Kotane, sekretaris van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika.**

Onder die aanwesiges, wat etlike duisende uitgemaak het, is 'n aantal blankes, manne sowel as vroue opgemerk wat broederlik met hul „kamerade" gesels en saam op een verhoog gesit het.

Moses Kotane het verklaar dat daar sowat 3,000 passe ingekom het wat verbrand sal word. Toe 'n groot vuur met die ingehandigde passe gemaak is, het tientalle naturelle hul passe op die vuur gegooi. **Baie het egter nie hul passe ingehandig of verbrand nie.**

Sprekers het verklaar dat die naturelle dieselfde regte as die witman eis en dat hulle gelyke vennote van die blanke in die land is. Hulle weier om langer passe te dra omdat dit vir hulle ekonomiese knegskap beteken. Hulle sal die gevolge van hul dade dra en as hulle voor die hof gedaag word, sal hulle tronk-toe gaan soos die Indiërversetplegers in Durban.

### JODE KOM IN

Die Unie het gedurende die eerste ses maande van hierdie jaar 430 nuwe burgers deur naturalisasie bygekry. Van hulle is ongeveer 230 afkomstig uit Duitsland, Letland, Pole, Litaue en Rusland. Die meeste is vanuit Pole, Duitsland en Litaue. Hulle is merendeels handelaars van Joodse afkoms. Vyf van hierdie persone was staatloos voordat hulle Unie-burgerskap verwerf het.

# JODE SE WERK



**Die puin van die hotel in Jerusalem wat deur die Joodse terroriste voorverlede week opgeblaas is. Meer as honderd hoogeplaaste Britse amptenare het die lewe ingeskiet, terwyl tientalle beseer is. Op die foto word nog gesoek na slagoffers.**

# Ampsdraer se Pynlike Ervaring Van Kunsmatige Verdeeldheid

**'n Treffende bewys van die kunsmatige verdeeldheid wat teen die volk se sin gehandhaaf word in die stryd teen die Ossewabrandwag, word gevind in 'n brief van die sekretaris van die H.N.P.-tak Parow in antwoord op 'n aansoek van die O.B. om die Nasionale Saal vir 'n funksie te huur.**

Die betrokke saal is voor die ongelukkige skeuring gebou met hulp en geld ook van die O.B.-lede. Een van die ywerigste vroue wat die bou van die saal moontlik gemaak het, was mev. D. J. Geldenhuys, tans kommandante van die O.B. Mev. Geldenhuys het dan ook die vrymoedigheid gehad om aansoek te doen om die huur van die saal. — **'n vrymoedigheid wat nie misplaas was nie, te oordeel na die goeie gees wat straal uit die antwoord van die sekretaris.** Maar in hierdie geval, net soos op Ladismith, waar 'n saamwerk-poging van H.N.P.-lede met die plaaslike O.B., deur die hoofleiding skerp afgekeur is, is ondergeskikte ampsdraers van die party van bo af gedwing om 'n onaangename skeuringsdaad te verrig.

Onderstaande brief, deur die sekretaris van die tak aan mev. Geldenhuys geskryf, spreek vir homself — **en veral van die begeerte by gewone H.N.P.-lede om met hul mede-Afrikaners weer saam te werk:**

„Geagte Mevrou,—In antwoord op u skrywe van 30 deser verw. huur Nasionale Saal 9 Aug. vir O.B.-verkoping.

„Ek moet u in kennis stel dat 'n volle vergadering van die Wyksraad gehou 30 Julie besluit het:

„Dat die Wyksraad nie sy weg oop sien om die saal aan die O.B., as organisasie, te verhuur nie; omdat daar nog hoegenaamd geen verstandhouding tussen die twee organisasies bereik is nie, en dat enige poging of daad van 'n party-tak om die O.B., as organisasie, in enige opsig te help of tegemoet te kom, **strydig is met die beginsels van die party, vasgelê in sy konstitusie."**

**„Alhoewel die Wyksraad as persone geneë voel om u as Afrikaners van dieselfde gemeenskap 'n guns te bewys, staan hulle tog voor die feit dat die party se beginsels bo enige persoonlike belang gestel moet word en ons vertrou dat u die saak in dieselfde lig sal sien.**

„Met die hoop dat ons leiers in die nabye toekoms tot 'n verstandhouding sal geraak wat ons plaaslik sal toelaat om mekaar weer heg die broederhand te reik,

Bly ons,

SEKR. H.N.P."



**Vir swakkelinge is die lewe 'n las!! Vir sterk ontwikkelde manne is die lewe 'n genot! U KAN OOK 'N STERK ONTWIKKELDE MAN WORD, AL IS U NOU 'N SWAKKELING. (U ouderdom is geen hindernis nie).**

Skryf om gratis besonderhede aan:

JOHAN HEFER.
Hefer Instituut vir Gesondheid en Liggaamsontwikkeling,
Posbus 3494 — KAAPSTAD.
Stuur my asseblief verdere besonderhede omtrent u kursusse gratis.
NAAM ....................
ADRES ....................
....................

# Kommuniste Gaan Nie-Blankes Steun

Die Kommunistiese Party in Suid-Afrika, blykbaar as gevolg van 'n opdrag uit Moskou, het met die sitting van die jongste kongres van die party sy steun aan die Indiër- en naturelle-wetsoortreders „om hul vryheid te kry", toegesê. In 'n omsendbrief deur die party uitgereik word krasse taal gebesig.

Die Indiërwet van die regering word beskryf as 'n „papbroekerige poging van die regerende klasse om die vooruitgang van die Indiërgemeenskap te belemmer". Verder word geskryf dat die Indiese gemeenskap die naturelle se verset teen die paswette heelhartig steun. Die Indiese lydelike versetters lê hulle daarop toe om die kleurskeidslyn, die segregasie en die rassehaters uit te daag. „Die heldhaftige opofferings wat deur honderde Indiërs gedoen is en wat nou in die tronk sit, behoort as inspirasie te dien . . . . ."

„Die Kommunistiese Party onderneem hiermee om alle pogings wat deur die Indiërs, naturelle of kleurlinge aangewend word om hul vryheid te kry, te ondersteun," aldus die verklaring.

Die verklaring betreur verder die feit dat die „imperialistiese" regering die pad van Rusland bemoeilik aangesien hy een van die moondhede is „wat begerig is om internasionale vrede te bewerkstellig.

# Bedenklike Immigrante

(Vervolg van bls. 1, kol. 5)

**vaardigdes by hulle aansoeke insluit. Sover vasgestel kon word is nie een van hierdie aansoeke geweier nie.** Die minimum-verblyf wat die Komitee verlang voordat 'n sertifikaat uitgereik word, is twee maande.

Gedurende die oorlogsjare het talle tweedehandse winkels en kleinhandelaarsbesighede in sekere buurtes in Kaapstad opgeskiet wat aan hierdie internasionale handelaars behoort.

### KOMMUNISTE EN JODE

Dit is veral van belang om daarop te let dat twee van die lede van die handelslisensie-komitee van die Kaapstadse munisipaliteit wat uit 9 lede bestaan, nie-blankes is, terwyl vier van Joodse afkoms is. **Minstens vyf lede van die hele komitee is uitgesproke Kommuniste.**

**Hierdie elemente in die lisensie-komitee beskik dus oor 'n beslissende meerderheidstem. Geen wonder dus dat sekere stadsgebiede ingeryg is met Joodse winkeltjies wat voor die oorlog nooit bestaan het nie. Kaapstad het dus so ver gevorder dat Jode en hul kommunistiese bondgenote aan die blanke inwoners dikteer wie tot die handelsbedryf toegelaat sal word en wie nie.**

### „VLUGTELINGE"

Die meeste eienaars van die talle klein winkeltjies in tweedehandse artikels wat soos paddastoele opgespring het, is ontruimelinge en vlugtelinge uit Oos-Europa wat gedurende die oorlog in Suid-Afrika aan wal gespoel het. Hulle het eers uitgekom as tydelike immigrante maar het hulle later metterwoon hier gevestig.

**Toe daar 'n paar jaar gelede georganiseerde winkelbrake op groot skaal in Kaapstad en ander groot stede begin plaasvind het, het die voorsitter van die Kaapse kamer van koophandel dit as sy mening uitgespreek dat daar onder die handelaars in gebruikte goedere diegene is wat skollies huur en van vragmotors voorsien om vir hulle by besigheidsplekke in te breek. Hierdie groep mense, so het die voorsitter gemeen, is hoofsaaklik ontruimelinge en vlugtelinge uit Oos-Europa aan wie handelslisensies toegeken word.**

Hierdie soort misdaad het nie voor die oorlog bestaan nie, maar het sy verskyning begin maak nadat die Unie duisende „vlugtelinge" binne sy grense toegelaat het.

Al metode om hierdie misdaad te bestry, is om die uitreiking van handelslisensies aan ongewenste persone te staak. Daar is geen onderlinge skakeling tussen die staat en die plaaslike owerhede of tussen die verskillende plaaslike owerhede in hierdie verband nie. Sodra dit vir die handelaar in die een stad te warm word, vlug hulle na 'n ander.

### O.B. SE OPLOSSING

Daar is ook geen wet of regulasie wat plaaslike owerhede verplig om handelslisensies aan persone wat weens diefstal gevonnis is, te weier nie. Die wet het verder die leemte dat al sien 'n handelaar van sy goed wat deur 'n ander gesteel is, hy geen reg het om dit te eis nie, aleer die dief wat die inbraak gepleeg het, nie opgespoor is nie.

Dit is dringend noodsaaklik dat daar onderlinge skakeling tussen die plaaslike owerhede en die staat in hierdie verband moet wees. **Die staat moet ook 'n direkte seggenskap binne elke plaaslike owerheid hê om die uitreiking van handelslisensies te kontroleer sodat die beheer oor lisensie-uitreiking nie by Kommuniste en vreemde elemente berus nie, maar by 'n verantwoordelike owerheid.**

**Hierdie toedrag van sake bewys opnuut die noodsaaklikheid vir 'n eenheidstaat wat alle bestuursaangeleenthede in die hande van die volksregering sal plaas, soos deur die Ossewabrandwag bepleit.**

## KLERASIE GESTEEL

**Klerediewe in Kaapstad bly nog steeds bedrywig. Verlede Woensdagnag is rokke en materiaal ter waarde van £2,000 uit 'n vrouewinkel in Rondebosch gesteel. Uit 'n winkel in die middestad is ook klerasie gesteel ter waarde van £275. Die nag tevore is klerasie ter waarde van £340 uit 'n winkel in Hanoverstraat gesteel.**

**Sakemanne verdink 'n nuwe klas immigrant wat hom op die handel toelê en sy voorrade uit winkels laat steel. (Lees ook berig op bladsy een.)**

# Amerika en Brittanje Stof Hele Wereld Uit met Duitse Vernuf

**Die uitslag van die oorlog, wat so skromelik misluk het ten opsigte van die handhawing van Pole se onskendbaarheid — waarvoor Engeland eintlik die oorlog verklaar het — het nietemin op 'n ander terrein vrugte afgewerp vir Amerika en Brittanje. Dit is naamlik ten opsigte van die slaan van wêreldrekords. Genoemde twee lande slaan in die jongste tyd die een snelheids- en hoogterekord na die ander, met . . . . Duitse fabrikate.**

Die oorlog was pas afgeloop of daar is wêreldwyd bekend gemaak dat 'n Britse loods die wêreldrekord vir snelheid in die lug geslaan het deur meer as 600 myl per uur deur die lug te gly met 'n „Britse" spuitvliegtuig. Brittanje hou dus die rekord vir vliegsnelheid. **Maar dat die vliegtuig 'n Duitse produk is, waarvan die verdere ontwikkeling vandag nog onder toesig van Duitse tegnici soos dr. Martin Winter, dr. Rudolf Hipert, dr. Horst Hannemann, dr. Heinz Egginl en andere in Brittanje geskied, is nie in dieselfde asem genoem as wat die „Britse" rekord aangekondig is nie.**

Aangesien Duitsland verder ook nog platgeslaan is, bestaan daar natuurlik vir die teenswoordige ook geen vrees dat bekend gemaak kan word dat die snelheidsrekord reeds tydens die oorlog in Duitsland self met sy eie produk geslaan is nie.

### HOOGTEREKORD

'n Bietjie eerliker is die Amerikaanse aankondigings van hoogterekords wat hulle besig is om te slaan in die woestyn van New Mexico met behulp van Duitse tegnici en Duitse V-2s — hoewel die openhartigheid moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die berig afkomstig is uit Londen en dit hierdie keer nie 'n Britse rekord is nie. **Verlede week is naamlik berig dat die agtste „Duitse V-2" wat in Amerika die lug in geskiet is, die hoogte van 104 myl bereik het — 'n wêreldrekord.**

Ook Suid-Afrika is fluks besig om rekords te slaan met 'n Duitse produk. **Die Meteor III wat so pas die afstand tussen Kaapstad en Johannesburg in 2 uur 6 minute afgelê het, is 'n Duitse spuitvliegtuig wat in Duitsland vervaardig is. Die Duitse inskripsies daarop is nog sigbaar vir elkeen wat naby die vliegtuig kan kom. Daar is egter in Engels bo-oor geverf.**

### OLIMPIESE SPELE

Die rekord-slanery is ewenwel nie tot die lugvaart beperk nie. Britte slyp reeds hul tande vir die Olimpiese spele waar hulle hoop om onder afrigting van Duitsers die louere te verower. 'n Korrespondent van die Argus het verlede week naamlik as volg berig:

**„Een van die eienaardige gevolge van die oorlog mag wees dat Britse atlete afgerig is deur Duitse instrukteurs, wat as die beste in die wêreld beskou word, die medaljes op die Olimpiese spele sal verower . . . Frank Butler verklaar in die Daily News dat dit groot nuus is. Dit mag die redding van die Britse atlete op die toekomstige Olimpiese byeenkoms wees."**

Al het Engeland en Amerika vir Pole en saam met hom die hele Oos-Europa as gevolg van die oorlog vir die westerse beskawing verloor, dié voldoening het hulle dat hul honderdduisende gesneuwelde soldate nie heeltemal tevergeefs gesterf het nie: **Hul dood het nuwe roem vir hul onderskeie vaderlande gebring op die gebied van die vliegsport en atletiek.**

# Goudmyne Begin In Vrystaat

Voorbereidingswerk vir die sink van die eerste mynskag by die nuut-ontdekte goudvelde in die Vrystaat is reeds aan die gang. Die eerste myn sal binne ses weke elf myl van Odendaalsrus af by St. Helena gesink word. Die masjinerie het reeds aangekom en ander is op pad. Binnekort word 'n aanvang gemaak met die bou van 50 huise vir die arbeiders. Daar word reeds na water vir huishoudelike gebruik geboor.

Op Odendaalsrus het die regering reeds grond vir skole, staatskantore ens. aangekoop. Daar sal nog twee nuwe banke geopen word wat die getal banke op drie te staan sal bring.


# DIE MÔREGLOED

**POSBUS 27 — FLORIDA**

1. „DIE MôREGLOED" — die tydskrif vir alle Aspirante skrywers en skryfsters, asook vir alle belangstellendes, verskyn Oktobermaand — die mooiste mooiste maand.
2. „DIE MôREGLOED" sal maandeliks verskyn.
3. Moet geen uitgawe mis nie, teken dadelik in.
4. Belangrike aankondiginge geskied in die eerste uitgawe.
5. Groot wedstryde gereël vir oud en jonk, ja almal begin in die eerste uitgawe.
6. Maar die belangrikste van alles is . . . . . . ??????
7. Nog 'n verrassing??????
8. ??????
9. „DIE MôREGLOED" sal ongeveer 60 bls. dik wees.
10. EN LUISTER NOU HIER: Elke persoon wat vir ons 3 jaarlikse of 6 halfjaarlikse intekenare kry, gaan „DIE MôREGLOED" vir die tydperk van 1 jaar gratis kry. Hier is nou u kans, om u tydskrif, die tydskrif van Suid-Afrika, vir 'n jaar lank gratis te kry. Kyk nou wat u kan doen.
11. EN NOU: DIE REDAKSIE loof hiermee 'n prys van £25 uit vir die beste SPEURVERVOLGVERHAAL van ONGEVEER 20,000 woorde.

Asook £25 vir die beste Romantiese Vervolgverhaal, ook van ongeveer 20,000 woorde.

Verder ook 6 pryse van £3 elk vir die ses beste Kortverhale. Die Kortverhale moet nie langer as 1500 woorde wees nie.

Asook 10 pryse van £1-10-0 elk vir die ses beste gedigte.

Verder 20 pryse van 5/- elk vir die 20 beste grappe, en 20 pryse van 7/6 elk vir die 20 beste Foto's soos natuurtonele, ens., ens.

Vir al hierdie bydraes merk u koeverte bo-aan die linkerhoek „WEDSTRYD" en stuur u bydrae aan DIE REDAKTEUR, „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Transvaal.

Sluitingsdatum: **16 September 1946.**

**VIR DIE KINDERS:**

5 Pryse van £1-10-0 elk vir die 4 beste verhaaltjies. Die verhaaltjies moet nie langer as 500 woorde wees nie, en dit moet oorspronklik wees.

Ook tien pryse van 10/- elk vir die tien beste tekeninge soos diere, natuurtonele of enige iets. Die tekeninge moet in Indiese Ink geteken wees.

En tien pryse van 10/- elk vir die tien beste gediggies. Skryf julle name bo-aan die linkerhoek van die bydraes, asook julle ouderdomme en adresse, en stuur dit voor 16 SEPTEMBER 1946 aan: **Tant Debora, p/a „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Tvl.,** en merk julle koeverte bo-aan die linkerhoek „WEDSTRYD".

Word dan nou dadelik intekenaar. Bogenoemde wedstryde is gereël net vir Intekenare en deur die heersende toestande van papier, sal daar nie eksemplare van „DIE MôREGLOED" op straat, of in Boekwinkels te koop wees nie, daarom om teleurstellings te voorkom, teken dadelik in. Stuur u intekengelde dadelik aan die Sirkulasie-Bestuurder, „DIE MôREGLOED", Posbus 27, Florida, Transvaal.

Die intekengelde is slegs 10/- per jaar.

DIE SIRKULASIE-BESTUURDER,
**„DIE MôREGLOED",**
**Posbus 27,**
**Florida, Transvaal.**

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as Intekenaar van „DIE MôREGLOED", vir die tydperk van 1 jaar, waarvoor ek 10/- insluit.

NAAM: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

ADRES: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5225-1

# Waardering vir Die Krygsman Botha

## K.G. oor Onthulling Van Standbeeld

**Die K.G., dr. Hans van Rensburg, doen onderstaande verklaring in verband met die standbeeld-onthulling van wyle genl. Louis Botha op 15 Augustus in Pretoria:**

Die Engelse bevelvoerder, lord Roberts, het ná die val van Pretoria 'n skriftelike boodskap wat oorgawe eis, gestuur aan die Boere-leier wat die terugtog van die Transvaalse regering by Donkerhoek met 'n drie-daelange agterhoedegeveg gedek het. „Your Lordship may think that our country is lost to us — but I shall do my duty towards it just the same. They can shoot me for it, they can banish me . . . but my principles and my character they cannot assail". Met hierdie woorde het die Boeregeneraal, Louis Botha, die eis van die hand gewys.

Op 15 Augustus word voor die Uniegebou, Pretoria, 'n monument onthul ter ere van die man wat daardie dag daardie antwoord gestuur het. Dit is 'n ruiterbeeld, die skepping van 'n eg Afrikaanse kunstenaar, Coert Steynberg, en dit stel Louis Botha voor in die fleur van sy lewe in die velddrag van 'n Boeregeneraal.

Die geleentheid is 'n staatsfunksie. Onder die publiek sal daar ook talle Brandwagte wees wat, al volg hulle nie die politieke beleid van die man ter ere van wie die standbeeld opgerig is nie, nietemin voornemens is om as Afrikaners eer te betuig aan 'n seun van hul volk wat in 'n tragiese uur van ons geskiedenis 'n leeue-aandeel met leeue-moed verrig het.

**In die laaste vyf, ses jaar het die lede van die Beweging oortuigend getoon dat die latere koers van generaal Botha nie hul koers is nie. Ons meen nogtans dat generaal Botha te velde en oor die ope visier verreweg die meerdere was van al die produkte van Camberley, Aldershot en ander broeiplekke van die Britse militêr; tewens voel ons, reg of verkeerd, dat hy — die kloekmoedige vegsman wat groot eer op 'n klein volk se naam gebring het — teen die geslepe produkte van die Britse politiek nie opgewasse was nie.**

Wat sy opregte gees hoegenaamd nie tot oneer hoef gereken te word nie . . . dalk eerder die teendeel!

### SKADUWEES

In die poltieke gebeurtenisse van die na-oorlogse jare het daar vir baie van sy volksgenote skadus oor sy roem begin val; oor sy roem in hulle oë, maar nooit oor sy karakter of oor sy eerlike bedoelings nie.

Derhalwe wil ook die Ossewabrandwag hierdie geleentheid te baat neem om aan die Boereheld van Spioenkop, Colenso en drie jaar se stryd dankbare hulde te betuig; waar ons van die staatsman verskil het, daar wil ons by voorbaat sê dat ons sy groot vaderlandsliefde en sy karakteradel beskou as bo alle aanvegting verhewe.

In hierdie gees sal daar talle lede en vriende van die Beweging in Pretoria op 15 Augustus die onthullingsplegtigheid bywoon.

## *Afskeid van Genl. J. de Vos*

### *TERUG IN PROFESSIE*



Lede van die O.B.-staf in Kaapstad het verlede week by geleentheid van 'n gesellige byeenkoms afskeid geneem van genl. (adv.) J. de Vos, Uniale Stafhoof van die Ossewabrandwag, wat besluit het om sy professie weer in Kaapstad voort te sit.

By hierdie geleentheid was o.a. aanwesig die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith en mev. Smith, gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl, mev. dr. J. S. du Toit, voorheen hoofvrou van Gebied A, en mev. De Vos.

Genl. Smith het verklaar dat genl. De Vos ses jaar lank verbonde was aan die hoofkwartier. Gedurende hierdie tyd het hy sy beste vir die Ossewabrandwag gegee. Hy het selfloos en onselfsugtig gedien. Sy moed, vasberadenheid en koele beslistheid het altyd bewondering afgedwing. As dit nie was vir die troue ondersteuning wat hy van sy eggenote en skoon-

(Vervolg in kol. 1)

(Vervolg van kol. 3)

moeder, mev. Du Toit, ontvang het nie, sou hy hierdie moeilike taak nie so doeltreffend kon behartig het nie.

### BLY IN O.B.

**Die Ossewabrandwag verloor hom nie as offisier nie. As die een halter afgehaal word hoop spr. dat 'n ander weer aangesit sal word. Waar hy nou los is van die hoofkwartier, sal sy dienste gebruik word vir die kommando-organisasies.**

Genl. Van Zyl het verklaar dat hoewel adv. De Vos ses jaar van sy lewe in diens van die O.B. gewy het, dit nie verlore is nie, want diens aan die Volksbeweging gewy is nooit sonder vrugte nie.

Genl. Smith het 'n pragtige skildery wat deur homself geskilder is, aan genl. De Vos namens die staf oorhandig.

Genl. De Vos het verklaar dat dit nie maklik is om na ses jaar van noue kontak uit die diens te tree nie. Die afgelope jare, en veral die oorlogsjare was vol drama. Gedurende sy dienstyd het die speurders verskeie kere die kantore binnegeval en was daar tallose moeilikhede. **„Vir die O.B. is ek nie dood nie en wat my dienste betref sal ek dit altyd gee tot die uiterste van my vermoë", het genl. De Vos verklaar.**

By dieselfde geleentheid is afskeid geneem van mev. L. van Rijswijk (mej. Wium), wat geruime tyd hooftikster was, en onlangs getroud is.

# Vlagparade en Godsdiens In O.B.-Kamp

## Lede Skuldig onder Noodwet

Vier-en-dertig offisiere en lede van die Ossewabrandwag is verlede week te Upington in die magistraatshof beboet omdat hulle skuldig bevind is aan oortreding van 'n oorlogsnoodregulasie wat drillery sonder toestemming van die Minister verbied. Hulle is met £2 beboet behalwe een, dr. H. Pickard, wat 'n boete van 10s. of sewe dae opgelê is. Hy het, volgens die getuienis, net iemand in die kamp kom haal, en 'n kort tydjie vertoef.

Die veroordeling het geskied op grond van getuienis verstrek deur ondersers. F. W. Delport van die S.A. Polisie, en M. van Niekerk wat saam met die sersant die O.B.-kamp gaan bespied het.

**In sy getuienis het Delport, wat van die polisiestasie Louisvale is, verklaar dat hy daarvan hou om die O.B. dop te hou. Hy was reeds voorheen betrokke in 'n saak teen die O.B. oor drillery.** Hy het met die ander getuie na die plaas Gifkloof, 5 myl van Upington af, gery en die O.B.-kamp op 'n afstand van ongeveer 700 tree deur 'n verkyker dop gehou. Hy en die ander getuie het om die beurt deur die verkyker geloer.

Delport het beweer dat hy die manne gesien geweerdril doen het met stokke. Hulle het die rivier ingegaan in besit van stokke, waarna hy die bevele „oor geweer" gehoor het.

**Die magistraat het in sy uitspraak hierdie deel van die getuienis nie aanvaar nie.** Volgens die getuienis van Delport is daar verder 'n vlagparade in die kamp uitgevoer en 'n godsdiensoefening gehou. Daar is toe ook 'n demonstrasie van liggaamsoefeninge gegee.

Die magistraat het in sy uitspraak gesê dat daar geen getuienis van ondermynende bedrywigheid of propaganda is nie, maar dat die noodregulasie nog bestaan.

Onder die manne wat skuldig bevind is, was hoofgenl. J. A. Strauss, genl. J. M. Gouws, genl. dr. F. M. Joubert en hoofkomdt. J. J. du Toit (tandarts). Die ander name is: F. J. Strauss, J. J. Louw, S. du Plessis, N. Alberts, P. J. Jacobs, J. A. J. Louw, D. J. Heyes, N. A. Bonthuys, J. L. Crafford, J. H. du Plessis, R. van der Merwe, W. G. Odendaal, M. van Niekerk, J. du Preez, J. Liebenberg, E. A. Nel, A. M. Kriel, P. J. van der Westhuizen, B. Fourie, W. C. Fourie, A. J. Burger, C. F. van Rensburg, N. J. J. van Rensburg, A. Burger, G. Burger, J. de Vries, C. Heyman, J. du Toit, G. E. J. van Rensburg, E. J. Engelbrecht.

F. J. Strauss is onskuldig bevind.


WAARDE VIR GELD



MARKAGENTSKAP
VROEE MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Dameshoede . . .
VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN



Hierdie tekening verskyn op die omslag van die tweede uitgawe in die Pro Ecclesia-Biblioteek: „SKOORSOEK," deur Danie Stegman, wat in September sal verskyn.
VRA OM BESONDERHEDE

*NUWE ROMANS*

| | Posvry |
|---|---|
| K. v. d. Heever: Wat Baat Dit Die Mens? | 8/6 |
| R. Hendriks: Ek is Antoinette Duke | 8/6 |
| T. du Toit: Die Bolander | 9/3 |
| A. Coetzee: Aan die End van die Soom | 9/- |
| J. R. L. van Bruggen: Erfgename | 8/6 |
| Gert Fourie: Die Prys van 'n Belofte | 8/- |
| M. S. van Rooyen: Hande wat Genees | 8/6 |
| J. J. Brits: Glans van die Reënboog | 7/3 |
| J. H. Naude: Carnio Cate | 9/6 |

*NOU GEREED*

'n Lys van Romans wat gedurende die laaste paar jaar verskyn het sal op aanvraag gestuur word.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
POSBUS 29 STELLENBOSCH

WEET U DAT „DIE O.B." 'N UITSTAANDE ADVERTENSIEMEDIUM IS?

DIE O.B., WOENSDAG, 7 AUGUSTUS 1946.

# Vrugte aan Ryp Word

Tydens die oorlogsjare het die Ossewabrandwag tot die besluit gekom om 8 Augustus, die dag waarop die Ossewaens in 1938 hul geesdrifwekkende tog na die Noorde begin het, gereeld te vier as herdenking van die Beweging se ontstaan. Hy het dit nie by 'n blote feesviering gelaat nie, maar hom veral daarop toegelê om op die dag sy eie organisasie sterk te maak ten einde in staat te wees om die vrugte van die Eeufees vir ons volk blywend te maak.

Die Eeufees het by ons volk hoofsaaklik twee begeertes laat ontbrand. Dit het ons bewus gemaak dat ons nog geen vrye volk is nie en dat ons pynlik verskeurd is op politieke gebied. Die verwikkeling wat ons rondom die Ossewaens ervaar het, waar alle partyverdeeldheid opsy geskuif was en ons ons kon verlustig in die hoëre ideale van ons volk, het dan ook gelei tot die stigting van die Ossewabrandwag wat daardie twee begeertes in vervulling wou laat kom. Vryheid en eenheid is dan ook die twee hoekpilare waarop die Beweging rus. Met die uitbreek van die oorlog, toe partypolitieke gekonkel ons land doelloos in die oorlog gesleep het net omdat Brittanje dit goed gedink het om 'n dwase oorlog te verklaar, het die vryheidsgedagte so sterk op die voorgrond getree, dat die Ossewabrandwag binne 'n kort tydjie gegroei het tot een van die magtigste organisasies wat ons land nog ooit gesien het. **Binne die Ossewabrandwag het die volk sy wil openbaar om vir goed ontslae te raak van die instrument wat hom daadwerklik aan Brittanje bind — die Britse parlementêre stelsel wat ons volk nie alleen magteloos verdeeld hou nie, maar by uitstek die middel is waardeur 'n gewettigde vyfde kolonne vir Brittanje in Suid-Afrika aan bewind gebring kan word. September 1939 het dan ook getoon hoe daardie vyfde kolonne, bestaande o.a uit Jode, Jingo's en possiesoekers met wetlike gesag beklee kan word om teen die wil van die gevestigde volk ons belange aan die bolsjewisme op te offer.**

Ongelukkig het die verwerping van die partypolitiek vir die Beweging 'n sware stryd meegebring teen sy eie vlees en bloed wat nog gevange gesit het binne die partypolitieke spinnerak, en die vreemde aangesien het vir tradisie. Die swaar afweerstryd van die oorlogsjare het Die O.B. se roeping vertraag, maar die huidige viering van sy ontstaan sien reeds die vrugte van sy eenheidsywer. **Nog nooit sedert die uitbreek van die oorlog het daar so 'n hunkering na samewerking tussen die nasionaalgesinde Afrikaners bestaan as wat in die afgelope paar maande kenbaar geword het nie. Daar gaan nouliks 'n dag verby of in die pers verskyn oproepe uit die volk tot eenheid.** Die partypolitieke pers het dan ook sy hande vol om hierdie stroom te keer. Die amptelike orgaan van die H.N.P. het feitlik sy hele jongste uitgawe gewy aan 'n verdediging van die party se weiering om met ander nasionale groepe saam te werk. **Dit is duidelik dat die druk ook binne die H.N.P. so sterk gaan word, dat die leiers uiteindelik sal moet kopgee aan die begeerte van die volk om te verenig.**

In ons eerste na-oorlogse jaar kan die Ossewabrandwag dus reeds al die vrugte sien ryp word van sy hoofstrewe. Dit sal nie meer lank neem nie voordat ons weer verenigd sal staan soos rondom die Ossewaens. Ons Beweging staan tans so naby aan sy oorwinning as ooit tevore — **nie 'n oorwinning oor mede-Afrikaners soos in die partypolitiek bekend nie, maar die oorwinning van sy eenheidsgedagte wat leer dat daar iets groter en duursamer is as die eie organisasie wat in die verlede so dikwels die plek van die volk ingeneem het.**

Met hierdie gunstige tekens oral om ons, sal die O.B.-kommando's dan ook hierdie jaar met soveel groter selfversekerdheid die middele kan lewer wat ons Beweging in staat sal stel om die stryd te bekroon.

# NIE OP SONDAE

Die aksie wat van Randse Afrikaners uitgegaan het teen die besluit van die bestuur van die Transvaalse Rugby-bond om 'n vriendskaplike wedstryd teen Rhodesië op 'n Sondag toe te laat, het weldadig aangedoen. Die feit dat die rugbybestuur uiteindelik afgesien het van sy voorneme, getuig van die krag wat daar nog by die grootste deel van die Afrikaanse publiek aanwesig is ten opsigte van beginselsake.

**Dit was dan enigsins met verbasing en teleurstelling dat ons terselfdertyd moes verneem van 'n botsing wat daar op 'n Sondagaand in Johannesburg plaasgevind het tussen kommuniste en 'n sekere politieke groep deurdat laasgenoemde 'n anti-kommunistiese vergadering op die trappe van die Johannesburgse stadsaal gehou het.**

Toe daar onlangs 'n verbod geplaas is op die vergaderings van hierdie groep op plekke aan die Rand, het Die O.B. hom sterk daarteen uitgespreek. Sy simpatie vir anti-kommunistiese optrede laat hom egter nie toe om die invoering van verkeerde praktyke onopgemerk te laat verbygaan nie. Die grootste deel van die Afrikanervolk is nog godsdienstig en op grond daarvan alleen is Sondagsontheiliging sterk af te keur, soos dan ook gebeur het in die geval van die voorgenome voetbalwedstryd. Die Afrikaner se tradisie om die Sondag te eerbiedig, het inderdaad reeds so sterk ingeslaan dat Engelssprekendes 'n jaar of wat gelede in Kaapstad hulle daarop beroep het dat dit 'n Suid-Afrikaanse tradisie is wat gehandhaaf moet word teen die poging om vermaaklikhede vir Britse matrose op Sondae in te voer. Ook in hierdie geval het die tradisie oorwin.

Ons vind dit daarom uiters jammer dat waar die Engelssprekende al daartoe gekom het om hierdie Sondagstradisie te eerbiedig, daar Afrikaners is wat nou politieke vergaderings in die openbaar op 'n Sondag hou. Die feit dat ateïstiese Jode daar 'n gewoonte van gemaak het om kommunistiese opruiingsvergaderings op Sondae in die stede te hou, regverdig nog nie 'n navolging van hul voorbeeld in die stryd teen hulle nie.

# Werkloosheid is Versuim Van Staatsplig

## „Werkloosheid is 'n klad op die Staat en nie op die werksoekende volksgenoot nie."

Hierdie beleidspunt hang met 'n verdere tot 'n groot mate saam en derhalwe sal ons die bespreking hier so ver moontlik beperk, want dieselfde grond sal later weer gedek word.

Baie kortliks kan ons hierdie beskouing so saamvat:

Die waardevolste bate wat 'n volk het, is nie sy myne of landerye of fabrieke nie, **maar sy mense-materiaal, sy volksgenote. Hulle is sy lewe self**; al die ander dinge is maar middels om te lewe.

As dit dan so is, dan volg dit vir ons ook so helder as daglig dat die volk wat gesond en instink-seker dink, **die moet sy ekonomie ondergeskik maak aan sy lewe.** Ons weet dat hy nie kan goël met middels wat hy nie het nie. Maar dit is glad 'n ander ding om van die middel 'n doel te maak, b.v. om van die spoorweë 'n winsafwerpende besigheid te maak wat vir sy eie ontwil daar is, in plaas van die verkeersaar van die volk vir die ontwil van die volk te wees.

### VOORBEELD

'n Voorbeeld: ons wil aanneem dat 'n mens die bedryfskoste van die spoorweë met dertig, vyftig of hoeveel persent sal kan verminder, veral wat lone betref . . . . as jy Koeliestasiemeesters en hoofklerke, en naturelle-masjiniste wil hê in plaas van jou eie blanke volksgenote! Maar sal daar dan nog blankes wees wat kan bekostig om in die treine te ry?

Dit is dalk 'n gesogte voorbeeld, maar dit dui aan wat ons hier wil verduidelik, naamlik dat dit nie soseer 'n kwessie is of 'n bedryf betaal of nie (dit wil sê, van 'n boekhouer se standpunt betaal of nie), **maar wel 'n kwessie of dit gesinne van hierdie volk 'n gesonde en ordentlike lewe verskaf of nie. En hoe meer gesinne hoe beter.**

Ook hierdie konsiderasie het sy perke — dit hoef die leser ons nie te sê nie. Maar waar die woekeraar „betaalbaarheid" bereken op 20% of 60%, daar stel die normale mens dit meestal op 6% en die staat kan dit baie minder maak. Hy kan selfs daarop verloor . . . en nog wen, as dit so-en-soveel gesonde gesinne, die volk van die toekoms, laat lewe het.

### STAAT SE PLIG

Maar die enigste volwaardige volksgenoot is die werkende volksgenoot, want alleenlik deur werk, deur die produksie van nuwe waardes, kan die volk sy pad deur die lewe baan. As dit dan die plig van die volksgenoot is om te werk, **dan is dit seer sekerlik die plig van die staat om te sien dat daar vir hom werk is.** Die feit dat die man werk soek, toon aan dat hy nie werksku is nie; toon aan dat hy sy plig wil nakom. **Die feit dat hy werk nie kan vind nie, toon aan dat die staat sy plig versuim het.** Daarom sê ons „werkloosheid is 'n refleksie op die staat en nie op die werksoekende volksgenoot nie."

Dis veral so in hierdie dae waar die staat meer en meer die ondernemer op groot skaal word. In Suid-Afrika besit of beheer die staat alle groot ondernemings behalwe die myne **(en die Ossewabrandwag staan**

### O.B.-Beleid

**die nasionalisasie van die myne definitief voor!)**: Spoorweë ('n kolossale onderneming, met die grootste personeel in die land), elektrisiteitsvoorsiening, Yskor, landnedersetting en verskeie ander produksiebronne wat in baie ander lande in privaathande gebly het.

**Omdat die staat dit uit die hande van die privaatwerkgewer geneem het — en tereg ook — kan hy nie nou in tye van werkloosheid die werksoekendes na die privaatwerkgewer verwys nie d.w.s. agter dié of daardie firma gaan skuil nie.**

### WERK VIR ALMAL

Die staat se beleid is werk vir almal. As daar dan nog groot ondernemings is wat met hierdie beleid bots, dan het die regering die reg en ook die plig om daardie groot ondernemers tot ander sienswyse te bekeer . . . **en nie om die werkers terug te skiet na die myne, soos in 1922 nie!**

'n Stelsel van werksversekering — d.w.s. versekering teen werkloosheid wat tydelik mag voorval — is reeds in baie sosialisties-georiënteerde lande in swang, en daar is geen verskoning as dit hier nie ingevoer word nie.

# Die Matie Vyf Jaar Oud

## Viering Op Stellenbosch

**(Van ons Universiteits-korrespondent)**

Verlede Donderdag, 1 Augustus, het Die Matie, Stellenbosse studentekoerant, 'n amptelike orgaan van die Stellenbosse A.N.S.-tak, sy vyfde verjaardag bereik. Op 1 Augustus 1941 het die eerste uitgawe van die koerantjie verskyn, en die vyf jaar waarin dit ononderbroke elke week van die akademiese jaar die studentegemeenskap, die A.N.S. en die breëre volksbeweging gedien het, is 'n merkwaardige prestasie.

### FEESTELIKHEID

'n Praguitgawe wat op 2 Augustus verskyn het, het volkome reg laat geskied aan die diensprestasie — onwrikbare diens ten spyte van veel teenstand wat opofferings genoodsaak het. Boodskappe van gelukwensing is van verskeie plekke oor die land ontvang.

Die feestelikheid het 'n hoogtepunt bereik met 'n baie suksesvolle dinee wat Vrydagaand in Dagbreek, die bekende manskoshuis, plaasgevind het. Ongeveer sewentig gaste het daar byeengekom. Die Matie en diegene wat verantwoordelik was en is vir Die Matie, is hoog geroem. Naas die huidige redaksie met meneer Gerhard Roux as redakteur, en drie oud-redakteurs, dr. P. A. Theron (1942), mnr. D. F. van der Merwe (1943) en mnr. H. S. Marais (1944/45), is ook verskeie prominente persone by die feesviering opgemerk: die A.K.G., genl. J. A, Smith, wat die heildronk op Die Matie ingestel het, prof. B. I. C. van Eeden, dr. W. A. Joubert en mnr. S. P. Botha (die drie lede van die beleidskomitee van Die

(Vervolg op bls. 6, kol. 4)

**ALLE AFRIKANERS**

*word hartlik uitgenooi om*

**Ossewabrandwagdag**

*te kom vier*

*OP DIE SKOUGRONDE*

**WORCESTER**

*SATERDAG, 17 AUGUSTUS*

SPREKER:

*Dr. J. F. J. VAN RENSBURG*

(Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag)

Die BASAAR word om 4 n.m. geopen. Heerlike ETE word vanaf 6.30 n.m. bedien. Aandverrigtinge begin om 8 n.m.

*Die O.B.-Blaasorkes sal deurgaans vrolike musiek verskaf.*

# Twee Voorstelle Voor Volk Oor Samewerking

**'n Geweldige belangstelling van die kant van die publiek in die O.B. se saamwerk-voorstel, soos herhaaldelik uiteengesit deur die K.G., dr. Hans van Rensburg, is die vernaamste indruk van sy pas afgelope reis deur die generaalskap van Worcester, het hoofkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier in Wes-Kaapland, by sy terugkeer aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar.**

Hoofkomdt. Laubscher het vergaderings gehou op Bonnievale, Montagu, Robertson, Oorheks, Doornrivier, Worcester en Rawsonville. **Hy het ook De Doorns en Villiersdorp besoek, waar nuwe kommando's op die been gebring word.**

Hy het oral die saamwerkvoorstel van die O.B. verduidelik aan gehore wat verteenwoordigend was van al die nasionaalgesindes in die generaalskap, en uitdruklik gewaarsku dat vandag gekies moet word vir samewerking met die medevolksgenoot of daarteen; **want hierdie keuse gaan bepaal of nasionaal-Suid-Afrika die algemene verkiesing oor twee jaar gaan wen of verloor.**

Dit ly nie die minste twyfel dat die begeerte na die eenheid van alle nasionaal-voelende Afrikaners vandag die mees oorheersende faktor in ons openbare lewe is nie, aldus hoofkomdt. Laubscher. **Daar is 'n roering onder die Afrikaners wat geen koerant of leier tot stilstand gaan bring alvorens die een of ander vorm van eenheid nie 'n voldonge feit is nie.**

### PRAKTIES

Hierdie eenheid — so voel die volk — moet hom pertinent en prakties openbaar in die samewerking van alle nasionaal-voelende Afrikaners by die eersvolgende algemene verkiesing.

Daar is tot op datum twee voorstelle voor die volk gelê — een deur die Ossewabrandwag en een deur die Herenigde Nasionale Party. Laat ons terloops tog dadelik waarsku dat geeneen van die twee mekaar se voorstelle verdraaid moet voorstel nie, want dit sal die saamwerk-poging verongeluk bloot terwille van twyfelagtige seksionele voordele. In hierdie opsig het Die Kruithoring van 24 Julie reeds byna onvergeeflik gesondig. Laat die blad halt roep voordat dit te laat is!

### DIE O.B.-VOORSTEL

Die Ossewabrandwag verklaar:

● **Daar moet eers Afrikanersamewerking wees voordat Afrikanereenheid verkry kan word.**

● Die bestaande nasionaalgesinde groepe moet met mekaar saamwerk — één moet nie verwag dat almal met hom moet kom saamwerk nie.

● **Die samewerking moet nie geskied op die basis van die prysgawe van die eie beginsels nie, maar wel op die basis van die opdoemende gevare waaroor die groepe dit eens is, b.év. Indiërindringing, kommunistiese agitasie ens.**

● **Voorts moet die samewerking ook nie geskied op die basis van kapitulasie nie, maar wel met behoud van eie identiteit.**

● Die samewerking moet tot uiting kom by die algemene verkiesing wanneer alle nasionaalvoelende Afrikaners in een kiesafdeling hul stemme uitbring ten gunste van 'n gesamentlike kandidaat.

Daarom stel die Ossewabrandwag voor:

● Dat al die nasionaalgesinde groepe met mekaar saamwerk in 'n Volksfront.

● **Dat gesamentlike of Volkspartykandidate die verkiesing veg, soos by voorbeeld die Paktkandidate van 1924.**

Voorts verseker die Ossewabrandwag:

● **Dat die O.B. vir homself geen setels opeis nie.**

● Dat die Volksfront sy finale beslag sal kry by wyse van onderlinge samesprekings deur die samestellende groepe.

**Die O.B. vra dat hierdie voorstel op eie meriete behandel moet word en nie ligsinnig verwerp moet word terwille van een of ander beginsel van die volksbeweging wat deur andersdenkendes reg of verkeerd verstaan mag word nie.**

### DIE H.N.P.-VOORSTEL

Die Herenigde Nasionale Party stel voor dat al die nasionaalgesinde groepe met die party moet kom saamwerk en vir die party se kandidate moet stem by 'n algemene verkiesing.

Dit is die twee voorstelle wat voor die volk gelê word vandag en wat oral druk bespreek word, het die hoofkmdt. Laubscher gesê.

Die O.B. glo dat die H.N.P.-voorstel eintlik geen saamwerkvoorstel is nie: dis letterlik 'n eis om onvoorwaardelike oorgawe. Derhalwe vra die O.B. dat die H.N.P. sy onverbiddelike standpunt moet wysig en toenadering met sy mede-nasionaalgesindes moet soek.

# Funksies

## PAROW

Die manne- en vroue-kommando van Parow hou 'n funksie op Vrydag, 9 Augustus, aan die huis van komdt. D. J. Geldenhuys, Wynnestr. 13, Parow. Die funksie begin om 7.30 nm. en daar word heerlike versersings aangebied. Almal word vriendelik uitgenooi om die funksie by te woon. Bring u vriende saam.

# Uit Die Week se Nuus

**NEDERLAND EIS DUITSE GRONDGEBIED. — Die Nederlandse regering sal 'n deel van die Duitse grondgebied eis. Dit sal gedeeltes van Oos-Friesland, die myndistrikte van Geilenkirchen en 'n verskuiwing van die grens ten ooste van Nijmegen behels. Hierdeur sal 60,000 kleinboere, wat nie grond in Nederland kan vind nie, in staat gestel word om hulle in Oos-Friesland te vestig.**

**VOEDSELBEHEER AAN DUITSERS OPGEDRA.** — Die Britse besettingsowerheid van Duitsland het besluit dat die verantwoordelikheid vir die beheer oor voedsel, landbou en visserye in die Britse gebied aan die Duitsers toevertrou word. Na amptenare verklaar is dit 'n stap in die rigting om die administrasie geleidelik aan die Duitsers oor te dra. Die Britse regering is veral besorg oor die geweldige koste wat aangegaan word om die Britse besettingsgebied aan die gang te hou. Na berekening beloop dit £80 milj. per jaar.

**MIELIES UIT ARGENTINIË:** Die Unie-regering het 3,300,000 sak mielies van die nuwe Argentynse oes bestel teen 'n prys wat meer as dubbel soveel is as dié wat die Suid-Afrikaanse mielieboer vir sy produk ontvang. Wanneer die mielies land sal die koste per sak ongeveer 48s. beloop. Suid-Afrikaanse mielieboere ontvang 22s. 6d. vir hulle produk.

**RANTSOENERING.** — As gevolg van die veldtog om brood te bespaar, bestaan daar tans moontlikheid dat brood nie gerantsoeneer sal word nie, het dr. H. J. van Eck verklaar. Daar is nog 'n gaping van 'n maand voordat nuwe voorrade beskikbaar sal wees.

**ERIC HOLM NA SUID-AFRIKA.** — Dr. Eric Holm, wat gedurende die oorlog oor die Duitse omroep sou uitgesaai het, is deur die Geallieerdes in Duitsland gevange geneem. Hy is tans in Berlyn waar hy opgesluit word. Hy word aangehou op las van die Suid-Afrikaanse militêre sending in Duitsland en sal eersdaags na Suid-Afrika gebring word waar hy vermoedelik deur die regering vervolg sal word.

**OPHEFFING VAN VERBOD.** — Die Voortrekkers, Girl Guides, en die Boy Scouts word nou vrygestel van die verbod dat hulle nie militêre oefeninge mag doen nie. Daar is egter een voorwaarde, nl. dat die bevele waargeneem word deur verantwoordelike offisiere wat vir dié doel aangestel is. Vir alle ander organisasies bly die noodregulasie wat militêre dril verbied, van krag.

**GEEN BOUMATERIAAL.** — Daar is nie genoeg boumateriaal tans beskikbaar om in die behoeftes van selfs 'n sorgvuldig beplande bouprogram wat gegrond is op die huidige arbeidsvermoë, te voorsien nie", het die onder-boukontroleur verklaar. Hy het gesê dat daar 'n kritieke tekort aan timmerhout, elektriese voorrade, glas baddens en sement bestaan. Dit is nie moontlik, het hy verklaar, om meer boupermitte uit te reik nie.

## Nuwe Kommando Behaal Sukses

Saterdag, 27 Julie, het die gestigte kommando van Vredenburg 'n geslaagde O.B.-dag gehou in die vorm van 'n basaar. Die verrigtinge het op die plaas Bosgaansheuwel plaasgevind onder leiding van komdt. Klaas Ehlers.

Die opkoms was baie mooi en allerlei handwerkies en lekkernye is te koop aangebied. Daar was 'n baie mooi samewerking onder die lede, asook lede van die ander partye.

Die mooi bedrag van £15 is ingesamel. Komdt. Ehlers wil almal wat gehelp het om die verrigtings 'n sukses te maak, baie hartlik bedank. — (Ingestuur.)

# DIE VOLK ROEP!

## 8 Augustus 1946

*„Aan alle offisiere en Brandwagte:*

*Ons Boodskap:*

LAAT ONS SAAK ONS ERNS WEES!

*Ons Versoek:*

WEES TROU EN STEUN ONS LEIER!

*Ons Verklaring:*

ONS VOLHARD IN DIE STRYD!"

Bostaande boodskap, versoek en verklaring is ontvang van al ons kamerade, die politieke gevangenes, in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, wat die prys vir die Boerevolk se vrywording betaal.

**Brandwagte word nou opgeroep om as antwoord op bostaande boodskap, versoek en verklaring spesiale bydraes in die O.B.-kas te stort.** Bydraes moet gemerk word „kameradefonds" en kan óf aan 'n Gebiedshoofkwartier óf aan die K.G.-hoofkwartier, Sanlamgebou 617, Pretoria, gestuur word.

Die Kommandant-generaal sal die finale bedrag aan die O.B. oorhandig en aan die kamerade in die tronk 'n lys van die bydraes stuur. Niemand is egter genoodsaak om sy naam by sy bydrae te vermeld nie.

**Ons kamerade in die tronk kan tans alleen hulle trou gee. Laat ons as huldebetuiging aan hulle, behalwe ons trou, ook van ons geld gee sodat ons saak kan seëvier.**

J. A. SMITH,
Organisasieleier.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

„EXCELSIOR"
Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.
Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROË WYNE: | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| BRANDEWYNE: | | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES:
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE
(KAAPLAND)

W. Voigt (Edms.) Bpk
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7188) Newtown




DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.
LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIEKURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!
Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ..............................
ADRES ..............................
Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ..............................
Kursus waarin u belangstel ..............................
(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoeïstiek, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES


Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

Uit klein akkers spruit groot bome . . .
Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**


## GEBOORTE

KOTZÉ. — Aan Dirkie en Hannah, 'n fris dogter op 19 Julie. Naas die goeie Gewer dank aan dokter en verpleegster. — Leeukuil, Moorreesburg.

## VERLOWING

VAN DER WESTHUIZEN—GROBLER. — Hiermee wens ons, Hester, tweede oudste seun van mnr. en mev. H. J. W. Grobler, Outjo, en Adolph, tweede oudste seun van mnr .en mev. C. P. v. d. Westhuizen, Strand, bekend te maak dat ons onlangs op Windhoek verloof geraak het. 5228

VAN DER WATT—MIENIE. — Ons twee, Chiappini, seun van mnr. en mev. J. J. van der Watt, „I.O.U.", Reitz, en Willie, dogter van mnr. en wyle mev. J. H. Mienie, Edenville, wens aan vriende en familie bekend te maak dat ons die 18de Julie verloof geraak het.

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

LOUBSER. — Sag van ons weggeneem na 19 dae, ons baba-seuntjie, op Sondagmore, 21 Julie 1946, te „Prospect Hill", Paarl. — Pieter en Helène Loubser en Hestertjie. 5207

## IN MEMORIAM

STRAUSS. — In tere liefde dink ons aan ons dierbare Eggenoot en Vader, Jacob Albertus, wat op 2 Aug 1941 na sy Hemelse Vader verhuis het. Sy voorbeeldige lewe sal vir ons altyd 'n soete herinnering wees. — Van sy verlangende Eggenote, Kinders en Kleinkinders, Tiervlei.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n bsonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## DANKBETUIGING

MOOLMAN. — Moolman-familie, vriende en dokter ontvang hiermee ons innige dank vir hulp, telegramme en kranse, by die afsterwe van ons dierbare vader. — Die bedroefde eggenote en kinders. Familie Moolman, Bergstraat, Swellendam. 5199

## BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME verseker tevredenheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpstuin. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDLELIEBOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

VARS SAAD. — Reuse-Gesiggies, 2/6 pakkie. Chabaud-Angeliere, Villette, Leeubekkies, Reuse-Jacobregop, Ysland-Papawers, Reuse Dubbel-Asters, 1/- pakkie. Verbena, Dubbel-Koringblom, Godetia, Shirley-Papawers, Gousblom, Franse-Afrikaners, Sunset Giant Afrikaners, Sewejaartjies, Gouegolf, Salie, Floksies, Skotse Astertjies, Van der Stel-Asters, Californian Giant Asters, 6d. pakkie. Posvry. — PIETER BOTHMA'S GEREGISTREERDE KWEKERYE, Posbus 5, Lothair. 5560

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

ELEKTRESO EN KIE. — Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekkerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. 5564-1

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoed Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by eie nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

SKOENE EN SKOENREPARASIES. —Probeer C. SAAYMAN vir Dopper Velskoene en ALLE Skoenreparasies. Die modernste masjinerie pas geïnstalleer. — Adderleystraat 99, OUDTSHOORN.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## PLUIMVEE

Bestel nou WIT LEGHORN DAGOUD-KUIKENS van gesonde hoenders, uit my Porritt-bloed. Broeitome met spesiale Porritt Stoethane. £6-10-0 per honderd. 2-maande oud Hennetjies teen 6/6 elk. Vry op spoor Zinja-sylyn. — MEV. H. J. VILJOEN, Rustdal, Indwe. Foon 812 Ida. 5206-2

PUIK KUIKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

## MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton geneem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

RU SUIWER KAROO-KRAALMIS 14/- per ton. Kontant. V.O.S. Middleton. — T. C. NEL, Golden Valley. 5188/6

Grootvee KRAALMIS teen 14/- per ton. Bok- en Skaapmis 11/6 per ton. V.O.S. Blue Cliff-stasie in trokvragte van nie minder as 18 ton. K.M.B. — Y. VERNON, Blue Cliff-stasie, K.P. 24/7/2

KARROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## TE KOOP

BOTTELSKEIE teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6; draaghoute 5/- een; muilswingels 5/6 een trek; donkieswingels 5/-. Geen K.B.A. KOOS BOTHA, p/s. Serpentine, GEORGE. 5184-4

BULLE: Melkras Afrikanerbulle, 2½ jaar oud. Geregistreer en gebrand, suiwer geteel vir 70 jaar. Geteel in die berge. Bekwaam. £25 tot £50. A. L. BEKKER, Klipheuwels, STEYNSBURG. 17/7/4/B

Die droogte kom weer .— Tweeskaar RANSOME SKOTTELPLOEG, in perfekte toestand, met nuwe skottels en oliebakke, gelewer Dordrecht-stasie. 'n Winskoop teen £29 of in ruil vir beeste. NICO SCOTT, Koffiefontein, P.K. Dordrecht, K.P. 31/7/1

NIERBONE. — Goeie gemiddelde kwaliteit, 85/-. Klein Wit (Haricott) do. 72/6 per sak van 203 pond. V.O.S. Devon-stasie. K.M.B. — P. PENNING, Bus 6, Devon. 5224-3

1 OPREGGETEELDE BULL TERRIER REUN. Twee jaar oud. Geen foute. Rede van verkoop: gaan toelê op skaaphonde. Prys £5. — Skryf aan: BAAS VAN ZYL, Kapteinsdrif, Bonnievale. 5203

PATATRANKSTEGGIES: Tevredenheid gewaarborg. Goeie gehalte. 10/6 per duisend (1000), 6 maande, wit driemaande en borrie. K.M.B. — S. P. GERBER, Possak Serpentine, Distrik George. 5568

PATATRANKE: Beste Rooigrond-patatranke. Sesmaande 7/- vir 80 pond sak. Wit driemaande 7/- vir 40 pond sak. Borriesteggies 12/6. H. ROELOFSE, Possak Serpentine, GEORGE. 5218

PATATRANKE: Die beste Boerepatatranke van Suid-Afrika. Sesmaande 7/- vir 83 pd. Wit en borrie 7/- vir 43 pond; 10/- per 1000 steggies. Alles verpak in digte sakke. Gelewer K.M.B. op Serpentine. P. J. GERBER, C./sn., Hoekwil, GEORGE. 5569

PLAAS TE KOOP in Waboom, 15 myl van Worcester. Geskik vir gemengde boerdery, veral tuinery en kwekery. Volop water. — Doen aansoek by: W. DU PLESSIS, Moreson, P/s. Waboom, Worcester. 5226

SES ESELS, waarvan 2 swart geelbek, 14½ hand, sterk vooresels, en ander twee 4 jaar, 14 hand 2 dm., en een vaal en een blou. Almal mak geleerd. Asook 1 sterk perd, mak in kar, trep en ryperd. Almal vet. Pryse billik. Verdere besonderhede van: J. P. VILJOEN, Karsrivier, Bredasdorp. 31/7/1

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

VERFKWASTE, plat, 2 dm., 1/3; 3 dm. 2/-; 4 dm. 3/-; 5 dm. 3/6; 6 dm. 4/6. Ekstra dik hare, 1 dm. 1/-; 2 dm. 2/3; 3 dm. 3/-. — J. P. WENTZEL, Petrus Steyn. 31/7/1

WINDLAAIERS: 6 volt Super De Luxe model: £10-10-0; 12 Volt Heavy Duty 225 watts, £21; 32 Volt 500 watt, £38; 6 Volt Dinamo-ankers 47/6; Watermeters 5/-; Batteryknippe 1/10 per paar. Posvry. SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. Telegramme: „Sparslater". 10/7/4/B

Uitstekende „Melotte" ROOMAFSKEIER, 40 gelling groot. So goed as nuut. £12 kontant met bestelling. — Y. VERNON, Blue Cliff Stasie. 24/7/2

TE KOOP: Die huur van melkery, groente- en blom-plaas. 410 morge, 7 myl van Krugersdorp. 10 morge onder standhoudende water; omtrent 2 morge lusern, 7 gars en hawer vir groenvoer; 1 morg groente en blomme. 40 morge droë lande gedeeltelik geploeg. 2 woonhuise, garage, skure, stal vir 24 koeie, volledig toegeruste melkkamer, silo, beesdip, hoenderhuise en groot kraal. 35 melkkoeie, 25 verse, geregistreerde Friesbul, 14 osse met trekgoed, 60 hoenders, wa, planter, snyer, ploeë, eg, kruiwa, ens. Alles soos dit staan vir £3,300. Skryf aan EIENAAR, Bus 376, KRUGERSDORP. 31/7/2.

## TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

Twee jong „Red Indian Game"-Haantjies. Meld besonderhede en prys. — C. P. VAN BLOMMESTEIN, Van Riebeeckstraat, Stellenbosch. 5227

## BENODIG

EEN STEL INGEVOERDE KUNSMISBAKKE vir Maxim-Mielieplanter. Meld prys aan: C. v. NIEKERK, Paradys, EDENVILLE. 5211

## VERJAARDAGKETTING

25 JULIE: Rita Basson, Wellington; Jannie Ungerer, Kirkwood; Barent Heyn, Karreedouw; Timon van Heerden, Tarkastad; Frederik Maans, Wilgenhoutsdrift; Elizabeth Meyer, Vryburg; Johanna Coetzee, Rustenburg; Jan Venter, P.K. Zoetdoorns; Oswald Steyn, Potchefstroom; Isabella Smith, Rashoop; Johanna Erasmus, Koster; Johanna Erasmus, Steenboksfontein, Koster; Petrus Roos, Brits.

26 JULIE: Rudu von Wellligh, dist. Paarl; Jessie Malherbe, Franschhoek; Marie Möller, Ceres; Soesara Westenraad, George; Emmerencia Scheun, Beaufort-Wes; Annie Gelderblom, Hermanus; Louis Botha, George; Jakobus Nel, Wilgenhoutsdrift; Rachel van Schoor, Paarl; Francois du Toit, Koedoeskop; Pieter van Schalkwyk, Koedoeskop; Tjaart Kruger, Hoëwal; A. K. Oeschger, Koedoeskop.

27 JULIE: Josef Faul, Wilgenhoutsdrift; Andries Reneke, Upington; J. I. de Lange, Somerset-Oos; Cornelius Smit, Pearston; Louis Walters, Stellenbosch; Maria van Deventer, Bellville; Rina Laas, Nababeep; Albertus Gagiano, Marchand; Robert Young, Vryburg; Susanna Grobler, Dendron; Maria du Toit, Vaalkop; Stephanie Watson, Bezuidenhoutsvallei.

28 Julie: Sofie Lombaard, Malmesbury; Andre du Toit, Stellenbosch; Christiaan Erasmus, Merweville; Elsie Olivier, George; Monica Engelbrecht, Bellville-Suid; Martha Vos, Parow; Sophia Lombard, Malmesbury; Anna Burger, Brandvlei; Hulbrecht Fölcher, Marchand; Willem Fourie, Stutterheim; Gawie Steyn, Malmesbury; Theunis Sauer, Ohrigstad; Tjaart Roos, Brits.

29 JULIE: Gideon le Roux, Stellenbosch; Barend van Huyssteen, Bedford; W. J. de Lange, Somerset-Oos; Daniel van Eck, Port Elizabeth; Analene Boonzaaier, Worcester; Francina Haasbroek, Vryburg; Edward Erasmus, Pietersburg; Zagarias Pretorius, Silent Valley.

30 JULIE: Frans Gagiano, Marchand; John de Kock, Marchand; Phillipus du Toit, Rawsonville; Jacob van Rensburg, Wilgenhoutsdrift; Gesina Kruger, Mamagalieskraal; Anna Hugo, Dwarsspruit; Hester Riekert, Moedwil, Koster.

31 JULIE: Hermien Dempers, Heidelberg; Elma Strydom, Kaapstad; Stefanus Wessels, Kirkwood; Mauritz Pretorius, Kirkwood; Frederick Petersen, Oos-Londen; Christie van Heerden, Tiervlei; Johan Mans, Aughrabies; Gezina van Heerden, Derby.

1 AUGUSTUS: Willem Schreuder, P.K. Aughrabies; Maria Pace, George; Ryand Viviers, Beaufort-Wes; Elizabeth Herselman, P.K. Rosewood; Erika Herselman, P.K. Rosewood; Petronella Fouche, Durbanville; Johannes Theart, Woodstock; Charles Swart, Villa Nora.

2 AUG.: Jan Swanepoel, Beaufort-Wes; Lukas Mans, Wilgenhoutsdrift; Stefanus Scheun, Willowmore; Maria Visser, Aughrabies; Jacoba Smit, Koster.

3 AUG.: Anna Olivier, Lambrechtsdrif; Susanna Kruger, Wilgenhoutsdrift; Johannes van der Westhuizen, Loxton; Anna Boshoff, Philippolis; E. Badenhorst, P.K. Swartbos; Andries van Wyk, P.K. Pansdrift.

4 AUG.: Jan du Toit, Kirkwood; Christoffel Kitshoff, Woodstock; Johan Lubbe, P.K. Clifford; Mathilda Hamilton, Groot Brakrivier; Hermanus Cilliers, P.K. Luckhoff; Sarel Pretorius, P.K. Tolwe; Theunsina van Wyk, P.K. Matooster.

5 AUG.: Issie Barnard, George; Elzen Burmeister, Noorder-Paarl; Johan Scheun, Pos Rietbron; Johannes Boshoff, Groot Brakrivier; Cornelia Jurriaanse, Carnarvon; Johannes Esterhuizen, Paarl; Serena van der Spuy, Paarl; Maria Pretorius, Frankfort; Susanna Vermeulen, Luckhoff; Magdalena Coetzee, Boons; E. Schulze, Brits; Gertruida Venter, Dendron.

6 AUG.: Anna Opperman, Merweville; Francina Maass, P.K. Lambrechtsdrift; Gerty Terblanche, Ruytersbosch; Hennie Möller, Ceres; Anna du Toit, Loxton; Regina Byleveld, Aughrabies; Anton Wiersma, Rondebosch; Wessel Rautenbach, P.K. Two Streams; Petrus Calitz, Oudtshoorn; Jacques Tredoux, Tiervlei; Magrieta Steyn, P.K. Beauty; Andries Janse van Vuuren, Mamagalieskraal; Hendrik Gilan, Koedoeskop; James van Schalkwyk, Koedoeskop.

7 AUG.: Frederick Burger, Woodstock; Johannes Jens, Port Elizabeth; Schalk Botha, Wilgenhoutsdrift; Hester Louw, Wilgenhoutsdrift; Pieter du Toit, Loxton; Cisca van der Merwe, Stellenbosch; Jacobus Venter, Lemoenfontein; Maria van der Merwe, Gilead; A. Brink, Maricodraai; Hendrina du Plessis, Rashoop.

## KLEREMAKERS

STEYN en SWART, voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

## HORLOSIEMAKERS

Vir horlosiereparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Kerkstraat 68, Kaapstad. Foon 2-5454.

## VAKANSIE-OORDE

Vir 'n genotvolle vakansie kom na VERGENOEGD, RIVERSDAL. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme.—Doen aansoek: MEV. A. BADENHORST. 31/7-12/9

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £3 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

## DIE MATIE

(Vervolg van bls. 4, kol. 5)

Matie), dr. D. G. Franszen, by wie die geniale gedagte van Die Matie sy oorsprong gehad het, prof. J. A. Wiid, skrywer van die gereelde buitelandse oorsig, adv. J. de Vos, adv. J. F. W. Haak, mnr. A. E. Rupert, prof. Van der Merwe, mnr. J. v. d. M. Hugo, redakteur van Wapenskou, mnr. W. H. du Toit, besturende direkteur van Pro Ecclesia (Edms.) Bpk., die man wat Die Matie in die eerste jare finansieel moontlik gemaak het, dr. P. J. Coertze, mnr. W. R. Laubscher, en, naas die gades en metgesellinne van die persoonlikhede, nog vele andere.

Ongelukkig kon mnr. W. A. Joubert, jnr., nie aanwesig wees nie, maar sy reuse-aandeel in die wording van die blad is die aand veel geroem. Ook die leidende rol van dr. W. A. Joubert, sy vader ,en mev. Joubert, het die hoogste lof ontlok.

Heildronke is ingestel en beantwoord deur genl. J. A. Smith, dr. D. G. Franszen, prof. B. I. C. van Eeden, dr. W. A. Joubert, mnr. Gerhard Roux, mnr. P. J. K. Delport en dr. S. J. Pretorius. Meneer S. P. Botha het as seremoniemeester opgetree.

## Knopvelsiekte Nog Onkeerbaar

Die knopvelsiekte in die Boland is steeds aan die toeneem en het reeds 89 plase besmet. Van die byna 200 beeste wat die siekte opgedoen het, het dertig gevrek. Die boere gebruik tans D.D.T. volgens 'n voorskrif van die Departement maar dit is blykbaar maar net 'n troos. Die entstof wat vir pokkies aangewend word, het onsuksesvol geblyk om diere immuun van knopvelsiekte te maak. Boere moet veral sorgdra dat siek diere nie in die koue of reën gelaat word nie omdat een van die komplikasies van die siekte longontsteking is.

## REUSE VOLKSPELE-KURSUS

te

ADELAIDE (K.P.)

onder leiding van

**Mev. De Ridder en Stephen Eyssen**
**vanaf 30 September tot 4 Oktober.**

Besonderhede van:

G. KOORTS, HOSTEL, ADELAIDE (K.P.)

5229-3

## Vir Die Vroue

# Wat Word van U Vrye Tyd?

Wat doen u in die tyd vandàt u middag uit die werk kom totdat u môreoggend weer begin? En as ons praat van vrye tyd is die huisvrou glad nie uitgesonder nie — haar vrye ure is wel nie so afgebaken soos die van haar man nie, maar sy moet tog haar program so reël dat sy elke dag 'n paar uur vir haarself het. Ons het reeds gesels oor die opstel van 'n werkskema en gewys daarop dat mens baie gouer en meer doeltreffend werk as jy presies weet wat jy vandag wil doen in plaas van somar blindelings soggens te begin en tienuur vanaand nog rond te trippel met 'n seer rug en baie kort humeur.

**„Eendag as daar tyd is":**

Baie mense se daaglikse werk is feitlik meganies en dis dus vir hulle onmoontlik om daar hulle persoonlikheid ten volle te ontwikkel. Die vrye tyd is dus by uitstek die tyd om die geestelike horison te verbreed en die gees te ontwikkel. Daar is so oneindig baie aktiwiteite wat mens aan kan deelneem om jou lewe vol en ryk te maak en ons behoort weg te kom van die idee dat die vrye tyd alleen vir sport en leë vermaak bedoel is. Is dit nie te wyte aan hierdie opvatting dat ons vandag so min tyd vir mekaar het nie en so selfsugtig en oppervlakkig geword het nie.

In plaas van iets werklik konstruktiefs of verrykend te doen, vermors ons baie kosbare ure deur te dink wat ons sal doen „eendag as daar tyd is".

**Oefening is nodig:**

Laat ons net vir 'n oomblikkie nagaan wat daar wel alles te doen is. Liggaamsoefening in een of ander vorm, afgesien van die roetine-rondloop in die huis, is nodig — 'n vinnige wandeling, deelname aan sport of georganiseerde liggaamsoefening. Onthou 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees en behoort elke dag 'n tydjie af te sonder vir oefening.

**Nie net Ontspanning nie:**

'n Deel van die vrye tyd is om in te ontspan — die keuse van ontspanning sal afhang van persoonlike smaak, b.v. ligte leesstof, vermaak of ligte geselskap. Waak egter daarteen om nie die hele vrye tyd op dié manier deur te bring nie: daar moet tyd ingeruim word vir tydverdryf wat die gees verryk en ontwikkel, iets meer opbouend van aard.

So baie mense meen dat breinwerk alleen in die kantoor of skool tuishoort en dat hulle glad nie hulle brein mag inspan buite kantoorure nie: dis egter waar dat verandering van werk (ook van breinwerk) ontspanning is. Onder hierdie tipe tydverdryf dink ons b.v. aan ernstiger leesstof (iets waarop mens moet konsentreer en wat jy nie by die draadloos of in 'n geselskap sal inneem nie), luister na goeie musiek en leer om dit te waardeer (nie die radiomusiek wat 'n agtergrond vir 'n geselskap vorm nie), ernstige bespreking van aktuele vraagstukke, goeie konserte en die beoefening van sekere kunste, bv. sang, klavierspel, toneel- en voordragkuns, skryf- en digkuns, teken- en skilderkuns. Hoe dikwels verwaarloos huisvrouens nie 'n kuns waarin hulle vroeër uitgeblink het nie! En dis geen verskoning om te sê daar is nie tyd voor nie: u moet tyd maak deur tydsparend te werk.

**Doen iets met jou hande:**

Daar is egter ook nog konstruktiewe tydverdryf waar mens die genot van 'n sigbare resultaat het. Stokperdjies van allerlei soorte kan groot opvoedkundige waarde hê en tegelykertyd 'n inkomste verskaf: die versameling van seëls, muntstukke en grammofoonplate asook fotografie, tuinmaak, hout-, brei-, naald-, en weefwerk.

Ons is maar alte geneig om ons moontlikhede te onderskat en deur proefneming ontdek mens dikwels 'n behendigheid waarvan jy nooit bewus was nie. Die genot wat mens ondervind deur self iets met jou hande te skep is al 'n baie groot beloning. Waarlik, hy wat nooit daardie genot gesmaak het nie, het baie gemis en sy gees is oneindig armer.

**Sosiale Pligte:**

Die handhawing van gesonde betrekkinge met familie en vriende is 'n belangrike plig. Dit sluit in die ontvang van gaste by die huis, die besoek van mense by hulle huise, die instandhouding van korrespondensie (en hoe verwaarloos ons dit tog nie!) en deelname aan verenigings. Kontak met ander mense maak u lewe voller en ryker.

**Wat van die Kinders?**

Waarlik, 'n mens se vrye tyd kan die interessantste deel van jou lewe wees as ons dit maar net wil organiseer en nuttig gebruik in plaas van doelloos in die huis rond te slenter.

En het u al ooit daaraan gedink om u kinders te help om hulle vrye tyd doeltreffend te gebruik? Of het die kinders so baie pligte in die huis dat hulle geen tydjie vir hul eie plesier het nie? Maak dit vir hulle moontlik om 'n interessante stokperdjie te hê, stel belang daarin en laat hul van kleinsaf besef dat tyd kosbaar is. Let wel, dit beteken nie dat 'n kind nooit mag speel nie: gesonde spel is 'n natuurlike aktiwiteit van 'n gesonde kind.

# Kleur op die Tafel

Die verstandige huisvrou weet dat daar baie dinge is wat sy in aanmerking moet neem as sy haar maaltye plan. Sy moet kennis dra van die voedingswaarde van kossoorte en moet weet watter voedsel nodig is vir die gesondheid van haar familie, en sy moet weet hoe om hierdie voedsel op die voordeligste manier voor te berei en op die aantreklikste manier te bedien.

Voedingswaarde is dus nie al wat belangrik is nie. Mens moet jou ook kan voorstel hoe die voedsel op die tafel sal lyk. Wissel die tekstuur, geur, temperatuur, kleur en metode van gaarmaak van voedsel. Ons eet tog immers nie geblinddoek nie en die voorkoms van voedsel kan al die mond laat water! En daar is min dinge wat voedsel so aantreklik laat lyk as verskeidenheid van kleur.

### ALLES WIT

Kan u u voorstel hoe 'n herderspastei, rys, rape en blomkool met kaassous lyk? Alles wit op 'n wit bord! Vervang nou die rape met 'n gevulde tamatie, en sit 'n stukkie pietersielie op die kool en kyk net die verandering!

Groente en vrugte het sulke mooi kleure. Rooi beet, tamaties en radyse, groen ertjies, boontjies en blaargroentes, geel wortels en pampoen, om maar 'n paar groentes te noem. 'n Mooi bak slaai kan so fraai en kleurryk vertoon. Blomme of 'n bak vars vrugte (laasgenoemde ook om te eet!) laat die tafel dadelik vrolik lyk.

### TAFELDOEK

En wat van die tafeldoek? Gebruik u maar altyd, van Januarie tot Desember, vir aldrie maaltye op 'n dag, die wit gestyfde damastafeldoek? Hoekom probeer u nie iets anders, meer kleurvol, nie? 'n Geruite tafeldoek met passende servetjies lyk vrolik vir ontbyt en aandete en selfs vir 'n ligte middagete. Lopers is ook mooi — dit kan wees in gekleurde linne of katoen, of wit met gekleurde rante, of met borduurwerk. Doylies lyk ook fraai, maar onthou om die tafelblad goed te beskerm met kurkmatjies. Die wit damastafeldoek is egter die regte ding vir 'n formele maaltyd. U sal vind dat hierdie ander tafelbekleedsels nie alleen vroliker lyk nie, maar dit was soveel makliker — het u al ooit self 'n damastafeldoek gewas, gestyf en gestryk?

Sorg verder dat die silwer, porselein en glas op die tafel perfek skoon is. En as die atmosfeer aan tafel ook nou vrolik en gesellig is, sal u somar baie lekker eet en sal u kos ook beter verteer!

## Dankbetuiging

Mnr. W. H. Kruger, Middelburg (Kaap) skryf:

Graag wil ons, ek en my vrou, die O.B. van harte bedank vir alle hulp, raad en bystand aan my vrou verleen tydens my verblyf van 21 maande te Koffiefontein. Dan ons hartlike dank aan die O.B.-kommando, Groot Marico, vir hulp en raad tydens ons verblyf daar. Ons het dit baie waardeer.

Heilwense, groete en Gods rykste seën is ons bede vir hulle, want die stryd is maar nog steeds opdraand.

Daar ek nou 'n besigheid het, vra ons tog alle moontlike ondersteuning van die plaaslike kommando.

### OM 'N GELATIENGEREG TE ONTVORM

Die eenvoudigste gelatiengereg vertoon baie aantreklik as dit ontvorm word en dan mooi versier word.

Onthou om die vorm met koue water uit te spoel en dan die gelatienmengsel net so in die nat vorm te gooi. As die gereg styf is moet u dit effe losmaak met 'n mes bo om die rant en dan behoort dit maklik uit te keer. Indien dit egter nog vassit, hou die vorm 'n rukkie in sterk lou water (nie te warm nie) en keer dan uit. Herhaal as die gereg nog vassit.

### SILWER SOUTPOTJIES

U moet oplet daarna dat as u silwer soutpotjies koop dit altyd uitgevoer is met glas of ander nie-metaal, veral as dit nie egte silwer is nie. In teenwoordigheid van vogtigheid in die lug, reageer die sout op die metaal en vorm 'n giftige groen verbinding.

## Genle. Meyer Besoek Marquard

Met die besoek van genle. C. Meyer aan Marquard-kommando op 6 Julie het die wakkere O.B.-vroue van die geleentheid gebruik gemaak om fondse in te samel vir ons fondsdag. Die ontvangs van ons Generale het die vorm aangeneem van 'n smaaklike koue ete in die eetsaal van die stadsaal, waarby etlike vriende aangesit het en smaaklik geniet het van soep, koue vleisgeregte, slaaie en lekker nagereg. Die gees was aangenaam. Net daarna het mnr. J. F. J. van Rensburg van Mushroomvalley die aanwesiges boeiend toegelig oor hoenders. Almal was baie geïnteresseerd in sy leersame lesing en die O.B.-kommando's bly hom baie dank verskuldig vir sy oorkoms. Ons vertrou om in die toekoms meer van sy bekwame toeligting te geniet. Baie van ons O.B.-offisiere was ongelukkig weg met vakansie, nogtans was die besoek van genle. Meyer aan ons generaalskap baie welkom en vir ons almal baie aangenaam.


SKILFERS



MOENIE U AANTREKLIKHEID BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van VOORSLAG-SKILFERMIDDEL 4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK Kerklaan — Kaapstad (1)
en MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND

O.B.-DAG
HOOFFUNKSIE VAN GEBIED C
VRYBURG
Saterdag 10 Augustus 1946

Eregaste:
Die Kommandant-Generaal en Mev. Van Rensburg.

Ander Sprekers:
Senator I. Raubenheimer en Genl. P. J. Grobbelaar.

Kom neem deel aan die PERDEKOMMANDO.
MUSIEK — SANG — VLEISBRAAI.

Alle Afrikaners word hartlik uitgenooi.
Verrigtinge begin om 10 v.m.

5205

O.B.-SKRYFBLOK EN KOEVERTE

Een Skryfblok en twee pakkies Bypassende Koeverte teen 2/6.

Gemaak van vooroorlogse papier. Voorraad beperk. Bestel dadelik en voorkom teleurstelling. Kontant met bestelling.

GEBIEDS-HOOFKWARTIER, Groote Kerkgebou 603, Kaapstad.

5204

Stowwe Stowwe
SOOS MIN vir MANS
gemaak deur
'N SNYER SOOS MIN
VAN ZYLS
Hoofweg — PAARL

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

## Leë Huis Wag Jaar Lank Vir Brit

Onderwyl talle mense so sukkel om 'n huis in die hande te kry is daar nog huise wat leeg staan in Kaapstad. In Tuine staan daar al meer as 'n jaar 'n groot huis lëeg. Oud-soldate wat aansoek by die behuisingskomitee gedoen het om hierdie huis te betrek, wag al ses maande sonder om antwoord te kry. Intussen staan die huis leeg.

Hierdie huis behoort aan 'n persoon wat dit reserveer vir 'n soldaat in Engeland wat nog nie in staat was om 'n passaat na die Unie te kry nie.

Dit skyn of daar iets haper aan die masjinerie van die Kontroleur van mannekrag. Persone wat hul name al meer as ses maande gelede by die Kontroleur ingehandig het en agterna versoek het dat daar sekere veranderings op die vorms aangebring moet word, moes uitvind dat hul applikasievorms toe onder die stof lê en dat daar geen sodanige veranderings op die vorms aangebring is soos versoek is nie.

## UNIE DALK VOOR VOLKESKAAR

Die Unie-regering tref tans voorbereidsels om hom in September te gaan verantwoord ten opsigte van die Indiërvraagstuk, indien die dreigement van die Indiese regering uitgevoer sal word om die saak aan die V.V.O. voor te lê. Die Unie se antwoord sal in breë trekke daarop neerkom dat in die Unie geensins sprake van die verdrukking van die Indiërs kan wees nie, dat die Indiërs in die Unie inderdaad baie beter daaraan toe is as hul rasgenote in Indië en dat die jongste maatreëls wat getref is, 'n suiwer binnelandse aangeleentheid is wat geen bemoeiing van buitelandse moondhede regverdig nie.

Dr. H. J. van der Byl, voorsitter van Yskor, het die voorsitterskap oor die Britse ysteren staalbedryf van die hand gewys. Die aanbod is aan hom gedoen deur die Britse minister van voorrade. Dr. Van der Byl, wat Engeland besoek het, het so pas in die Unie teruggekeer.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

# INDIËRS HOU VERGADERING



Daar het 'n knoop in die Britse onderhandelings met Indië verlede week gekom toe die Mohammedaanse Bond ewe skielik aangekondig het dat hy sy aanvaarding van die Britse voorstelle herroep en voortaan op onkonstitusionele wyse gaan optree. Die foto s van die Al-Indiese kongreskomitee in sitting, waar die Britse voorstelle vir 'n groot deel aanvaar is. Gandhi (links) sit en spin, terwyl die voorsitter, Moulana Azad, sit en lees, en die ander hulle dop hou.

## Aasvoëls Begin Vet Uitpik

### DUITSE PATENTE

Die Geallieerdes is besig om die Duitse patente waarop hulle beslag gelê het, onder mekaar te verdeel. 'n Ooreenkoms hoe die patente verdeel sal word, is reeds deur Nederland, Engeland, Frankryk en die Verenigde State onderteken. Ander Geallieerde moondhede, waaronder Suid-Afrika, is ook uitgenooi om in die kosbare buite te kom deel. Verwag word dat verskeie nasies voor die einde van die jaar hulle by hierdie ooreenkoms sal aansluit. Dit is alleen van krag indien drie ander moondhede dit ook nog onderteken. Volke wat nog nie voor 1 Januarie 1947 geteken het nie sal geen deel in die buit hê nie.

Op die konferensie van die moondhede wat die ooreenkoms opgestel het, is verklaar dat geeneen van die patente aan hul vorige eienaars oorhandig sal word nie. Die Duitse patente bestaan uit 'n groot verskeidenheid wat in alle lande versprei is. Die vrees is uitgespreek dat die groot verskeidenheid van die patente moeilikheid in die internasionale handel sal veroorsaak.

## Kirkwood Bedrywig Vir 8 Augustus

Op 22 Junie het die mans van Kirkwood 'n skyfskietkompetisie gehou, wat baie groot byval gevind het. Dieselfde dag is deur die vroue 'n heerlike warm ete bedien. Hierdie pogings het ons fonds met £40 laat styg. Verlede Saterdagaand het die kommandoraad bymekaargekom, en daar is besluit dat daar op 10 Augustus 'n dienslaer sal gehou word, by watter geleentheid daar ook 'n kewerloop gereël sal word om fondse in te samel vir O.B.-dag. Op 31 Augustus word daar weer 'n skyfskiet gehou, en die O.B.-dagviering is bepaal vir 21 September.

# V.S.A. Beskou Moord Op Duitsers Nie as Halsmisdaad

**Die bewering dat geen Amerikaanse soldate met die dood gestraf word wanneer hulle moord op Duitse of Japanse onderdane pleeg of Duitse en Japanse meisies verkrag nie, word gedoen deur die Amerikaanse tydskrif *Time*.**

Die blad handel oor die versagting van vonnis wat deur pres. Truman toegestaan is ten opsigte van 'n Amerikaanse soldaat wat skuldig bevind is van dubbele moord op Japanse burgerlikes, en verklaar dat die sterkste motief vir hierdie versagting van vonnis die feit was dat advokate „geen voorbeeld kon vind van Amerikaanse soldate wat tereggestel is vir moord op of verkragting van Duitsers of Japanners nie."

In 'n volgende uitgawe het 'n leser die feit betwis deur aan te voer dat hy self 'n aantal bevele in die leër opgeplak gesien het waarin die doodstraf asook die voltrekking daarvan vir moord en verkragting aangekondig is.

Hierop het Time geantwoord met die amptelike statistieke wat aantoon dat van 141 teregstellings in die leër een geskied het vir herhaalde weglopery, 139 vir moord alleen of moord en verkragting van burgers wat nie Duitsers of Japanners is nie.

Hiervolgens blyk dus dat die Amerikaanse dissiplinêre kode vir sy troepe heelwat ligter is ten opsigte van vergrype teenoor vyandsonderdane. Dit is die nuwe — of sal ons sê oeroue? — moraal wat die demokratiese „bevryders" ingevoer het in die lande wat hulle „in belang van die Christendom" gaan platslaan het.

## TREIN HARDLOOP AL VIR KONING

'n Spesiale toetstrein het gister uit Kaapstad vertrek op die roete wat die Britse koning en sy gesin aanstaande jaar sal reis. Die trein bestaan uit sewentien waens, maar slegs 'n paar waarnemers en die enkele persone wat die Britse koning sal vergesel, het die reis meegemaak. Die oogmerke met die trein is om die rooster in die fynste besonderhede uit te werk.

## Massa-Moord Op Duitse Gevangenes

**Die eerste verhoor weens misdade teen die Duitsers gepleeg het gister in Duitsland begin. 'n Valskermsoldaat word verhoor op aanklag dat hy op 19 April 1945 50 Duitsers vermoor het. Die vermoorde persone was almal krygsgevangenes. Die soldaat, Willey Herold, wat die rang van kaptein beklee het, het volgens bewering 'n skynverhoor gehou in die aanhoudingskamp, volgens die amptelike verklaring. In die massateregstelling het hy van lugafweerkanonne, masjiengewere, handgranate en allerhande infanteriewapens gebruik gemaak.**




GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214

DIE PAARL

„HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)

(2)



Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.